Ontmoeting 2

Petrus verloën Jesus

Al maak jy foute, bly God altyd lief vir jou

Teks: Markus 14:27–31;14:53–15:1
Hulpmiddels:

- Papier en potlode
- ŉ Paar feite wat waar en onwaar is van hoenders
- Besempopkarakters: Jesus, Petrus, 2 diensmeisies, Kajafas
- Genoeg kopieë van elke aktiwiteit
- Inkleurkryte, –potlode
- Vere en ander natuurlike versiermiddels
- Gekleurde– of koerantpapier
- Gom

Welkom

Wat is waar van my? Skryf 3 goed neer van jouself; 2 moet die waarheid wees en een ŉ leuen. Laat elke kind syne lees en as die ander kinders dink dat dit ŉ leuen is, moet hulle soos ŉ hoender kraai…
Hoender–eienskappe: Noem die eienskappe van hoenders op waarvan sommiges waar is en ander onwaar. Die kinders moet stilbly indien dit waar is en kraai as dit onwaar is. Pas die feite aan volgens die kinders se ouderdom.
Rolspel: ŉ Medeleier of kind met wie jy voor die tyd reël. Maak asof jy hulle nie ken nie. Dit verduidelik wat "verloën" beteken.

Wyding

Stilword–ritueel: Kinders staan met oë toe vir gebed.

Raak aan jou voete en sê vir God dankie dat jy kan gaan waar Hy jou stuur.

Raak aan jou hande en sê vir God dankie dat jy ander kan help.

Raak aan jou mond en sê dankie dat God vir jou woorde gee om vriendelik en gaaf te wees met ander.

Raak aan jou ore en sê vir God dankie dat jy vir ander kan tyd maak en na hulle verhale luister.

Raak aan jou oë en sê vir God dankie dat jy mense kan raaksien wat swaarkry.

Raak aan jou kop en sê vir God dankie dat jy planne kan maak om jou vriende te help.

Raak aan jou hart (sit jou hand op jou bors) en sê vir God dankie dat jy sy kind is en dat Hy jou lief het.

Woord

(Gebruik vir hierdie vertelling al die besempoppe. Aan die begin is net Jesus en Petrus op die verhoog. Die ander kinders kan soos hoenders kraai elke keer as Petrus nie die waarheid praat nie.)
In ons verhaal vandag gaan ons ŉ baie kragtige woord hoor. Dit is baie belangrik dat ons dit mooi verstaan. Ek wonder of julle weet wat 'laster' beteken?

(Later in hierdie verhaal word dit duidelik dat dit beteken iemand vertel 'n leuen of jok.)

Verteller: Ons storie begin vandag waar Jesus saam met sy dissipels in die bo-kamer was.
Jesus: "Julle almal sal my vanaand verlaat."
Petrus: "Nie ek nie! Selfs al verlaat die ander U, sal ek u nooit verlaat nie."
Jesus: "Voordat 'n haan kraai, sal jy drie keer sê dat jy my nie ken nie."
Verteller: Toe die soldate Jesus na Kajafas se huis toe vat, het die meeste van die dissipels weggehardloop. Maar twee van hulle het hom saam met 'n groep mense gevolg. Een van hulle was Petrus. Hy het in die binnehof van Kajafas se huis ingegaan en by die vuur gaan staan.
Verteller: 'n Diensmeisie *(bring die besempop hier in)* het Petrus se gesig in die lig gesien en gesê:
Meisie 1: "Ek ken jou! Jy was saam met Jesus!"
Petrus: "Nee, ek was nie! Ek weet nie waarvan jy praat nie!" *(Die kinders kraai.)*
Verteller: Hy het na die hek toe geloop. Maar nie lank daarna nie het 'n ander diensmeisie *(bring diensmeisie 2 in)* hom gesien en vir die mense gesê:
Meisie 2: "Hierdie man was saam met Jesus!"
Petrus: "Ek ken Jesus nie eens nie!" *(Die kinders kraai.)*
Verteller: 'n Man het toe gesê: "Jy is een van hulle! Ek kan uit jou manier van praat hoor dat jy van Galilea af kom, nes Jesus."
Petrus: *(Roep baie hard/woedend):* "Ek ken Hom nie!" *(Die kinders kraai.)*
Verteller: Op daardie oomblik het 'n haan gekraai. Petrus het gesien hoe Jesus omdraai en na hom kyk. Toe onthou hy wat Jesus gesê het. Hy het toe buitentoe gegaan en bitterlik gehuil. Intussen het die Sanhedrin (die Joodse leiers) in Kajafas se huis bymekaargekom om Jesus te verhoor. Hulle het klaar besluit dat hulle Jesus gaan doodmaak en nou het hulle net 'n rede gesoek. Maar hulle kon niks teen hom kry nie. Uiteindelik het Kajafas probeer om Hom vas te vra.
Kajafas: "Is jy die Seun van God?"
Jesus: "Ek is."
Kajafas: "Ons het nie enige ander bewyse nodig nie. Dit is laster!"
Verteller: Die hof het saamgestem: "Hierdie man moet sterf." Hulle het Jesus geklap, op Hom gespoeg, sy oë toegebind, Hom geslaan en gesê: "As jy 'n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het!"
Toe dit begin lig word, het hulle Jesus na die saal van die Sanhedrin gevat en Hom weer gevra: "Is jy die Seun van God?"
Jesus: "Julle sê dat ek is."
Verteller: Toe het hulle Hom skuldig bevind aan laster en hom gevat na die paleis van Pontius Pilatus, die Romeinse goewerneur.

En soos ons die storie ken, weet ons op die ou end is Jesus toe deur die mense vir wie Hy so lief was en vir wie Hy soveel gedoen het, ook verloën en skuldig bevind. Hy is toe gekruisig.
Petrus het versuim om die waarheid te praat. Maar ons lees hy het dit besef en was baie hartseer. Ons weet ook dat Jesus vir almal gesterf het; ook vir Petrus en God het hom verder nog baie gebruik as leier.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter deel van die storie staan vir jou uit.
2. Ek wonder wat sou jy anders wou doen as jy Petrus was.
3. Ek wonder wat het deur Petrus se kop gegaan toe die haan kraai.
4. Ek wonder hoe ontken/verloën ons ook soms vir Jesus.

Werskaf

- Kleur die prentjie in. Gebruik die nommerkaart om die antwoord vir die regte kleur te kry.
- Versier die prentjie met regte vere (of iets wat tekstuur aan die prentjie gee) of met stukkies geskeurde papiertjies.
- Maak ‘n handafdruk-hoender (sien voorbeeld).
- Laat die kinders die antwoord van vraag 4 se wonderstelling in/langs een van die prente skryf.

Sluit af met die seënbede

Jesus het jou baie lief
Hy maak reg wat verkeerd is
Mag ons onthou om te bid wanneer ons kwaad of hartseer is



Petrus verloën Jesus:

Mark 14:27-31; 14:53 – 15:1



Watter plaasdier herinner Petrus aan sy leuens?

1 = Groen	2 = Blou
3 = Geel	4 = Oranje
5 = Bruin	6 = Swart
7 = Rooi	

Petrus verloën Jesus:

Mark 14:27-31; 14:53 – 15:1



Watter plaasdier herinner Petrus aan sy leuens?

1 = Groen	2 = Blou
3 = Geel	4 = Oranje
5 = Bruin	6 = Swart
7 = Rooi	